# SKOOLONDERWYS EN DIE POLITIEK: 'N PRINSIPIEEL-HISTORIESE ONDERSOEK

**Charles Theodorus Viljoen**

**B.A., M.Ed., HOD**

*Proefskrif ingedien by die Fakulteit Opvoedkunde*
*van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*
*ter voldoening aan die vereistes vir die graad*
***Philosophiae Doctor***
*in die*
***Fundamentele en Historiese Opvoedkunde***

Promotor: Prof. dr. J.L. van der Walt
Hulppromotor: Prof. dr. P.J. van Niekerk

**POTCHEFSTROOM**
**1994**

*Opgedra aan:*

*alle skoolkinders ...*

# BEDANKINGS

Dit is 'n behoefte van die hart om die volgende bedankings te doen:

Aan een en almal wat wetend en onwetend 'n bydrae gemaak het in die vorming van my denke. Onder hulle staan die volgende persone uit:

* HANNES VAN DER WALT, wat by wyse van briljante studiebegeleiding altyd daar was om op sy skerpsinnige wyse deel te neem aan 'n nimmereindigende gesprek, en
* PEET VAN NIEKERK, wat as hulpleier uiters waardevolle bydraes gelewer het om die studie wetenskaplik af te rond.

Aan almal wat my altyd so geesdriftig aangemoedig en ondersteun het in die navorsing:

* ELMIEN - my grootste vriend en geesgenoot;
* CARLI, ODETTE en THEOMIEN - die ligstrale van dankbaarheid in my lewe;
* my ouers, TUBBY en HETTY, wat nooit ophou drome droom vir hulle kinders nie;
* alle familie en vriende ...

Aan almal wat meegehelp het aan die uitvoering van hierdie navorsing:

* HANNES aan wie ek sekerlik die meeste dank verskuldig is.
* SOPHIA SWART vir die taalkundige versorging van dié verslag.
* Die POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS en die FAKULTEIT OPVOEDKUNDE wat aan my die geleentheid gebied het om hierdie navorsing te kon onderneem.
* BIBLIOTEEKPERSONEEL van die PU vir CHO, die Universiteit van Kaapstad, die Universiteit van Wes-Kaapland, die Universiteit van Pretoria, die Universiteit Stellenbosch, die Universiteit van Suid-Afrika, die Transvaalse Onderwysdepartement, die POPULAR HISTORY ARCHIVE en die STAATSBIBLIOTEEK.

**CTV**

# SUMMARY

This research was undertaken against the background of the world-wide phenomenon that school education and politics are related in a special way. What is characteristic of this relationship is that different forces are at work on an ongoing basis (this includes ideologies and political philosophies) which attempt to gain control of education. This competition for ideological and political hegemony can, given spesific circumstances, culminate in what can be called an education crisis.

In South Africa there has, since 1976, been a national education crisis. In a society which has for a decade or more been exposed to reform, transformation and transition, political demands have been in the forefront at the expense of education. Although there has been relative calm within certain sectors of national education (that is, within the so-called white section), a totally different situation obtained within the communities which had, until 1990, been totally excluded from political decision-making processes. The aim of this research was to find answers to the following questions: what should a Reformationally principled view with regard to the relationship school education and politics look like?; what is involved in the notions "school education" and "politics"?; what is/has been the relationship of politics and school education through the ages?; what has the relationship been like in South Africa in the period 1983-1990, and what roles did pupils and students, parents and teachers play in the midst of the political developments in the period 1983-1990?

In carrying out this research a variety of methods were used. In the first place a literature survey in all its facets was applied, especially involving the consultation of important primary sources, for the sake of evaluating the statements found in secondary sources. Philosophical methods, described as the principial-reflective and the principial-descriptive method, the transcendental-critical method and the structural-empirical methods, were used throughout. In close conjunction with the alreadymentioned methods, the method of interviewing, the exemplary method, the comparative method, the problem-historical method and the method of conceptual analysis were also used.

In the reportage of the research the following fields of research were explored. In the first place, attention was given to construction of a Reformational perspective on the relationship school education and politics. In the second place, an attempt was made to provide a conceptual exploration of the notions "school education" and "politics". In the third place, cognizance was taken of different formulations of aspects of the relationship school education and politics by way of exemplar. Following this, attention was shifted to contemporary South African education and the political situation (1983-1990), in which on the one hand cognizance was taken of a totality view of the development of school education and politics, and on the other hand note was taken of the different roles of pupils, students, teachers and parents in their participation in school education and political developments.

In the course of the research certain findings were made. One of the key findings includes the facts that school education and politics each represents a different and distinguishable sphere of life, each with its own sphere of competence; through the acknowledgement of both the principles of sovereignty in the own sphere and universality in the own sphere can in principle ensure a harmonious relationship between school education and politics; school education and politics are concepts which each has its own conceptual framework and clusters which, if these differences are not adequately accounted for, will of necessity lead to ambiguity, misformulations and big misunderstandings; the state constitutes the irreducible whole within which the relationship school education and politics should be studied; a Christian view with regard to school education and politics presupposes that such a relationship is characterised by the fact that it does not necessarily strive in the first place for state citizenship, but for the Kingdom of God; school education has, because of its central position in the community and in society, an important role to play in the education and teaching of future citizens of a country, the crisis which, in the framework of education and teaching in South Africa, is largely attributable, in the period 1983-1990, to the ideological and political power struggle which can broadly be typified as having occurred between those who stood outside the political decision-making processes (including the African National Congress, the Pan Africanist Congress, the United Democratic Front, the South African Communist Party, the Azanian People's Organization and other ideologically related groupings and factions), and those within the process (the

National Party, the Progressive Federal Party - later the Democratic Party -, the Conservative Party, the Inkatha Freedom Movement and other groupings) and school pupils, students, teachers and parents, in line with the different ideological and political points of departure for the period 1983-1990, all had a role to play in the promotion and advocacy of stated ideals.

In general the conclusion was reached that the school education and politics stand in a clear and describable relationship to each other. School education in South Africa in the period 1983-1990 was deliberately used and eventually abused in what can be regarded as an ideological and political power struggle which reminded of a revolutionary struggle fought between the mainstream ideologies such as embodied and advocated by the African National Congress (ANC) and the National Party government respectively.

Among the most important recommendations are the following: all those involved in education (pupils, teachers, parents, students, education planners, the state, political parties, the private sector, the church, trade unions, community leaders and so forth) should take note of the fact that school education and politics always stand in a particular relationship towards each other. There should be development of adequate training programmes in which the school and the broader community can be educated in what is involved in both education and politics. There should be a permanent watchdog attitude among all those involved in education (teachers, parents and the broader community) to ensure that education is not abused for party-political purposes. This is not intended, however, to deny the broad ideological consensus base in which any political or educational dispensation should function.

The following fields have been identified as needing research: the role and task of the teacher in a pluralistic political milieu; an educational-philosophical determination of the role and the task of the school in a pluralistic political milieu; the way in which different ideological and political viewpoint/points of departure in a school can or could be dealt with; a continuation of the investigation of conceptual frameworks in the understanding of school education and politics; state view(s) and school education; state power and the realization of school education; individual rights and school education; citizenship and the

school in a new political dispensation; the idea of a social contract and implications for school education; politically-ideological source documents and school education; political consciousness among the youth; the militarization phenomenon in school education and trade unionism in school education.

# OPSOMMING

Hierdie navorsing is onderneem teen die agtergrond van die wêreldwye verskynsel dat skoolonderwys en die politiek in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan. Kenmerkend van dié verhouding is dat daar deurlopend verskillende kragte (waaronder ideologieë en politieke filosofieë) aan die werk is wat poog om in beheer van die onderwys te kom. Hierdie wedywering om ideologiese en politieke hegemonie kan, gegewe spesifieke omstandighede, uitloop op wat bestempel kan word as 'n onderwyskrisis.

In Suid-Afrika bestaan daar veral sedert 1976 'n nasionale onderwyskrisis. In 'n samelewing wat oor 'n dekade of meer blootgestel is aan hervorming, transformasie en oorgang, het politieke eise voorrang ten koste van dié van die onderwys. Hoewel daar binne sekere geledinge van die nasionale onderwys (i.c. sogenaamde blanke gedeelte) betreklike rustigheid geheers het, het daar binne die gemeenskappe wat tot voor 1990 uitgesluit was uit die politieke besluitnemingsprosesse, 'n totaal ander situasie geheers. Die doel van hierdie navorsing is om antwoorde te vind op die volgende vrae: hoe behoort 'n Reformatoriese beginselstandpunt ten opsigte van die verhouding skoolonderwys en die politiek daar uit te sien?; wat behels die konsepte skoolonderwys en politiek?; hoedanig is/was die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek deur die eeue?; hoedanig is/was die verhouding tussen skoolonderwys en die politiek in Suid-Afrika in die tydperk 1983 tot 1990 en watter rolle het leerlinge en studente, ouers en onderwysers gespeel te midde van politieke ontwikkelinge in die tydperk 1983 tot 1990?

In die uitvoering van hierdie navorsing is daar van 'n verskeidenheid metodes gebruik gemaak. In die eerste plek is 'n literatuurondersoek in al sy fasette toegepas, veral ook die raadpleging van belangrike primêre bronne ter wille van die evaluering van uitsprake in sekondêre bronne. Wysgerige metodes, omskryf as die prinsipieel-besinnende en die prinsipieel-beskrywende metode, die transendentaal-kritiese metode en die struktuur-empiriese metode, is deurlopend toegepas. In noue samehang met die reedsvermelde metodes is die metode van onderhoudvoering, die eksemplariese metode, die vergelykende metode, die probleem-historiese metode en die metode van konseptuele analise toegepas.

In die rapportering van die navorsing is die volgende navorsingsvelde bestryk: In die eerste plek is aandag gegee aan die opbou van 'n Reformatoriese perspektief op die verhouding skoolonderwys en die politiek. Tweedens is 'n poging aangewend om 'n konseptuele verkenning te doen van beide skoolonderwys en politiek. In die derde plek is daar eksemplaries gelet op verskillende formuleringe van aspekte van die verhouding skoolonderwys en die politiek soos: die rol van die staat in die onderwys en politiek; die rolle van onderwys en die politiek in die totstandkoming van geregtigheid; onderwys en politiek in diens van 'n Godstaat; 'n maatskaplike kontrak as beveiliging van onderwys en politieke regte van die mens, en dies meer. Hierna is beweeg na die kontemporêre Suid-Afrikaanse onderwys- en politieke situasie (1983-1990) waarin enersyds 'n geheelbeeld van die ontwikkeling van skoolonderwys en die politiek verkry is, en andersyds gelet is op die verskillende rolle van leerlinge, studente, onderwysers en ouers in hulle deelname aan die skoolonderwys en politieke ontwikkelinge.

Daar is in die loop van die navorsing tot sekere bevindinge gekom. Van die kernbevindinge sluit in: skoolonderwys en die politiek verteenwoordig twee onderskeibare lewensfere, elk met sy eie bevoegdheidsterrein; deur die erkenning van beide beginsels van soewereiniteit in eie kring en universaliteit in eie kring kan 'n harmoniese verhouding tussen skoolonderwys en die politiek in beginsel verseker word; skoolonderwys en politiek is konsepte wat elkeen oor 'n eie konseptuele raamwerk beskik wat, indien hierdie verskille nie na behore verreken word nie, noodwendig aanleiding gee tot dubbelsinnigheid, wanformuleringe en groot misverstande; die staat vorm die onwegdinkbare geheel waarbinne die verhouding skoolonderwys en die politiek bestudeer kan word; 'n Christelike beskouing ten opsigte van skoolonderwys en die politiek veronderstel dat sodanige verhouding daardeur gekenmerk kan word dat dit nie in die eerste plek staatsburgerskap as einddoel sal nastreef nie, maar die Koninkryk van God; skoolonderwys het, vanweë sy sentrale posisie in die gemeenskap en samelewing, 'n belangrike rol te speel in die opvoeding en onderwys van die toekomstige burgers van 'n land; die krisis wat in skoolonderwys in Suid-Afrika in die tydperk 1983-1990 geheers het, is grootliks toe te skryf aan die ideologiese en politieke magstryd tussen wat breedweg getipeer kan word as diegene wat buite die politieke besluitnemingsprosesse gestaan het (waaronder die African National Congress, die Pan Africanist Congress, die Suid-Afrikaanse Kommunistiese

Party, die Azanian People's Organization, die United Democratic Front en ander ideologiesverwante groeperinge en faksies), en dié daarbinne (i.c. die Nasionale Party, die Progressief Federale Party - later die Demokratiese Party -, die Konserwatiewe Party, die Inkatha-vryheidsbeweging en ander groeperinge). Skoolleerlinge, studente, onderwysers en ouers het, in ooreenstemming met die verskillende ideologiese en politieke uitgangspunte vir die tydperk 1983-1990, elk 'n rol te speel gehad in die bevordering van gestelde ideale.

Daar is tot die algemene gevolgtrekking gekom dat skoolonderwys en die politiek in 'n aanduibare en beskryfbare verhouding tot mekaar staan, naamlik: Skoolonderwys is in Suid-Afrika in die tydperk 1983-1990 doelbewus gebruik en uiteindelik misbruik in wat getipeer kan word as 'n ideologiese en politieke magstryd. Hierdie stryd wat plek-plek sterk herinner het aan 'n rewolusionêre stryd is geveg tussen die twee hoofstroomideologieë, soos verwoord en bevorder deur onderskeidelik die African National Congress (ANC) en die Nasionale Party-Regering (NP).

Van die vernaamste aanbevelings sluit in: alle onderwysbelanghebbendes (i.c. leerlinge, onderwysers, ouers, studente, onderwysbeplanners, die staat, politieke partye, die privaatsektor, die kerk, vakbonde, gemeenskapsleiers en dies meer) behoort daarvan kennis te neem dat skoolonderwys en die politiek altyd in 'n bepaalde verhouding tot mekaar staan. Daar behoort doelbewus opleidingsprogramme ontwikkel te word waarin die skool en die breër gemeenskap opgevoed kan word in terme van wat onderwys en wat die politiek behels. Daar behoort 'n voortdurende waakhouding te wees by alle onderwysbelanghebbendes (i.c. onderwysers, ouers en die breër gemeenskap) dat onderwys nie vir partypolitieke doeleindes gebruik en misbruik word nie. Hiermee word die breë ideologiese konsensusbasis waarin enige onderwys- en politieke bestel noodwendig moet funksioneer, nie ontken nie.

Die volgende navorsingsvelde is geïdentifiseer: die rol en taak van die onderwyser in 'n pluralistiese politieke milieu; 'n opvoedkundig-filosofiese presisering van die rol en taak van die skool in 'n pluralistiese politieke milieu; die wyse waarop verskillende ideologiese en politieke standpunte/uitgangspunte in 'n skool hanteer kan/behoort te word; 'n

voortsetting in die verkenning van konseptuele raamwerke in die verstaan van skoolonderwys en die politiek; staatsopvatting(e) en skoolonderwys; staatsmag en die realisering van skoolonderwys; individuele regte en skoolonderwys; burgerskap en die skool in 'n nuwe politieke bedeling; die idee van 'n sosiale kontrak en implikasies vir skoolonderwys; polities-ideologiese brondokumente en skoolonderwys; politieke bewustheid onder die jeug; die militariseringsverskynsel in skoolonderwys en die vakbondwese in skoolonderwys.

**INHOUDSOPGAWE**


| | | |
|---|---|---|
| | BEDANKINGS | iii |
| | SUMMARY | iv |
| | OPSOMMING | viii |
| | LYS VAN AFKORTINGS | xvii |
| 1. | PROBLEEM- EN DOELSTELLING, EN METODOLOGIESE VERANTWOORDING | 1 |
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | PROBLEEMBEREDENERING | 1 |
| 1.3 | AKTUALITEIT VAN DIE NAVORSING | 3 |
| 1.4 | DOEL VAN DIE NAVORSING | 4 |
| 1.5 | AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEKTERREIN | 4 |
| 1.5.1 | Afbakening in terme van begripspresisering | 4 |
| 1.5.1.1 | Skoolonderwys | 5 |
| 1.5.1.2 | Politiek | 5 |
| 1.5.2 | Afbakening in terme van akademiese dissipline | 6 |
| 1.5.3 | Afbakening in terme van tydperk wat bestudeer is | 6 |
| 1.6 | NAVORSINGSMETODOLOGIE | 7 |
| 1.6.1 | Inleiding | 7 |
| 1.6.2 | Die literatuurstudie | 8 |
| 1.6.3 | Ongestruktureerde onderhoude | 9 |
| 1.6.4 | Die probleem-historiese metode | 13 |
| 1.6.5 | Die struktuur-empiriese metode | 13 |
| 1.6.6 | Die prinsipieel-besinnende en -beskrywende metode | 14 |
| 1.6.7 | Die transendentaal-kritiese metode | 14 |
| 1.6.8 | Die metode van wetenskaplike tekskritiek, teksanalise en teksgebruik | 15 |
| 1.6.9 | Die eksemplariese metode | 15 |
| 1.6.10 | Die vergelykende metode | 15 |
| 1.6.11 | Die metode van konseptuele analise | 16 |
| 1.7 | STRUKTUUR VAN HIERDIE NAVORSINGSVERSLAG | 16 |
| 1.8 | SAMEVATTING EN VOORUITSKOUING | 17 |
| | NOTA | 17 |
| | BIBLIOGRAFIE | 19 |

2. 'N REFORMATORIESE PERSPEKTIEF OP DIE VERHOUDING SKOOLONDERWYS EN DIE POLITIEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . 25

2.1 PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ARTIKEL . . . . . . . 25

2.2 WAT BEHELS 'N REFORMATORIESE PERSPEKTIEF? . . . . . . . 26

2.3 SKOOLONDERWYS EN DIE POLITIEK: 'N ONDERSKEIDING . . 27

2.4 SKOOLONDERWYSBELANGE EN POLITIEKE BELANGE: DIE BEGINSEL VAN UNIVERSALITEIT IN EIE KRING . . . . . . . . . 29

2.5 BEPERKINGE OP DIE BEVOEGDHEID (KOMPETENSIE) VAN SKOOLONDERWYS EN DIE POLITIEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . 30

2.6 SKOOL-TIPIESE TAKE EN POLITIEK-TIPIESE TAKE AS UITVLOEISEL VAN DIE ERKENNING VAN DIE BEGINSEL VAN ONDERSKEIE BEVOEGDHEDE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 31

2.7 SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 32

BIBLIOGRAFIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 33

3. SKOOLONDERWYS EN DIE POLITIEK: 'N KONSEPTUELE VERKENNING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 36

3.1 PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ARTIKEL . . . . . . . 36

3.2 'N KONSEP: WAT DIT IS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 37

3.3 <u>SKOOLONDERWYS</u> . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 39
3.3.1 Woordanalise van **skool** en **onderwys** . . . . . . . . . . . . . . . . . 39
3.3.2 Analise van die konsep <u>skoolonderwys</u> . . . . . . . . . . . . . . . 39
3.3.3 Voorlopige konklusie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 42

3.4 <u>POLITIEK</u> . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 42
3.4.1 Woordanalise van **politiek** . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 42
3.4.2 Analise van die konsep <u>politiek</u> . . . . . . . . . . . . . . . . . . 43
3.4.3 Voorlopige konklusie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 45

3.5 PERSPEKTIEF . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 46

3.6 SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 47

BIBLIOGRAFIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 48

4. 'N HISTORIES-EKSEMPLARIESE ONDERSOEK NA DIE VERHOUDING SKOOLONDERWYS EN DIE POLITIEK ...... 53

4.1 PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ARTIKEL ....... 53

4.2 PLATO (428-347 v.C.) ........................ 54

4.2.1 Inleiding ........................ 54
4.2.2 Die rol van die staat in die onderwys en die politiek .......... 55
4.2.3 Die rolle van die onderwys en die politiek in die totstandkoming van geregtigheid ........................ 56
4.2.4 Staatsonderwys vir die handhawing van 'n klasseverdeling in die samelewing ........................ 56

4.3 AUGUSTINUS ........................ 57
4.3.1 Inleiding ........................ 57
4.3.2 Onderwys in diens van 'n Godstaat ........................ 59
4.3.3 Politiek in diens van 'n Godstaat ........................ 59

4.4 LOCKE (1632-1704) ........................ 60
4.4.1 Inleiding ........................ 60
4.4.2 Die natuurstaat van die mens as basis vir sy regte (i.c. onderwys- en politiek regte) ........................ 61
4.4.3 'n Maatskaplike kontrak as beveiliging van regte ........... 63
4.4.4 Besit- en eiendomsregte van die mens ................ 64

4.5 DEWEY ........................ 65
4.5.1 Inleiding ........................ 65
4.5.2 Opvoeding as middel tot sosiale rekonstruksie en bewustheid ..... 66
4.5.3 Skoolonderwys as politieke sosialiseerder ................ 67

4.6 SAMEVATTING ........................ 69

BIBLIOGRAFIE ........................ 72

5. DIE VERHOUDING TUSSEN SKOOLONDERWYS EN DIE POLITIEK IN SUID-AFRIKA: 'N HISTORIES-PRINSIPIËLE BESTEKOPNAME VAN DIE TYDPERK 1983 TOT 2 FEBRUARIE 1990 ........ 76

5.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING ................ 76

5.2 DOELSTELLING EN ORDENINGSRAAMWERK ........... 77

5.3 FASETTE VAN DIE VERHOUDING SKOOLONDERWYS EN DIE POLITIEK IN SUID-AFRIKA ........................ 78
5.3.1 Verskillende ideologiese uitgangspunte ten aansien van die verhouding skoolonderwys en die politiek in Suid-Afrika ........ 78

5.3.2 Skoolonderwys en die noodtoestandsituasie . . . . . . . . . . . . . . . 83
5.3.3 Die 1983-Referendum en verkiesings, met skoolonderwys in die spanningsveld . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 86
5.3.4 Departement van Onderwys en Opleiding (DOO) . . . . . . . . . . . . 91

5.4 GEVOLGTREKKING EN SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . 94

BIBLIOGRAFIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 99

6. VERGESTALTINGE VAN DIE VERHOUDING SKOOLONDERWYS EN DIE POLITIEK IN SUID-AFRIKA: DIE ROLLE VAN LEERLINGE/STUDENTE, OUERS EN ONDERWYSERS TUSSEN 1983 EN 1990 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 107

6.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING . . . . . . . . . . . . . . . . . . 107

6.2 DOELSTELLING VAN DIE ARTIKEL . . . . . . . . . . . . . . . . . . 108

6.3 ASPEKTE VAN DIE VERHOUDING SKOOLONDERWYS EN DIE POLITIEK . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 108
6.3.1 Aktivering van die gemeenskap . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 108
6.3.2 Studente- en leerlingorganisasies neem die leiding . . . . . . . . . . . 110
6.3.3 Die opkoms van 'n alternatiewe magsbasis vir die vryheidsbeweging . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 111
6.3.4 Konsolidering tot 'n nasionale vryheidstryd . . . . . . . . . . . . . . . 112
6.3.5 Intensifisering van en deelname aan die stryd . . . . . . . . . . . . . . 114
6.3.6 Die skoolboikot as demonstrasie van mag . . . . . . . . . . . . . . . . 116
6.3.7 Die onderwyskrisis verdiep . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 116
6.3.8 Nuwe dryfkrag in die deelname van studente en leerlinge . . . . . . . 119
6.3.9 Herbevestiging van historiese verbintenisse . . . . . . . . . . . . . . . 120

6.4 SAMEVATTING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 121

BIBLIOGRAFIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 125

7. BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS . . . 130

7.1 INLEIDING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 130

7.2 BEVINDINGS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 130

7.2.1 Bevindings op grond van 'n Reformatoriese perspektief op die verhouding skoolonderwys en die politiek . . . . . 132
7.2.2 Bevindings op grond van die konseptuele verkenning van skoolonderwys en die politiek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 134

7.2.3 Bevindings op grond van die eksemplariese bestudering van die verhouding skoolonderwys en die politiek . . . . . . . . . . . 134
7.2.3.1 Bevindings op grond van Plato se gedagtes . . . . . . . . . . . . . . . . . 134
7.2.3.2 Bevindings op grond van Augustinus se gedagtes . . . . . . . . . . . . 135
7.2.3.3 Bevindings op grond van Locke se gedagtes . . . . . . . . . . . . . . . 136
7.2.3.4 Bevindings op grond van Dewey se gedagtes . . . . . . . . . . . . . . . 137
7.2.4 Bevindings ten opsigte van die verhouding skoolonderwys en die politiek op grond van die histories-prinsipiële bestekopname van die tydperk 1983 tot 2 Februarie 1990 . . . . . . . 138
7.2.5 Bevindings ten opsigte van die verhouding skoolonderwys en die politiek: die rolle van leerlinge/studente, ouers en onderwysers tussen 1983 en 1990 . . . . . . . . . . . . . . . . 143

7.3 BESONDERE GEVOLGTREKKINGS . . . . . . . . . . . . . . . . . . 146

7.3.1 Gevolgtrekkings op grond van 'n Reformatoriese perspektief op die verhouding skoolonderwys en die politiek . . . . . . . . . . . . 146
7.3.2 Gevolgtrekkings op grond van 'n konseptuele verkenning van skoolonderwys en die politiek . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 146
7.3.3 Gevolgtrekkings op grond van 'n eksemplariese bestudering van die verhouding skoolonderwys en die politiek . . . . . . . . . . . 147
7.3.4 Gevolgtrekkings ten opsigte van die verhouding skoolonderwys en die politiek op grond van die histories-prinsipiële bestekopname van die tydperk 1983 tot 2 Februarie 1990 . . . . . . . 149
7.3.5 Gevolgtrekkings ten opsigte van die verhouding skoolonderwys en die politiek: die rolle van leerlinge/studente, ouers en onderwysers tussen 1983 en 1990 . . . . . . . . . . . . . . . . 151

7.4 ALGEMENE GEVOLGTREKKING . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 152

7.5 AANBEVELINGS . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 152

7.6 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING . . . . . . . . . . . 153

7.7 SLOT . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 154

BIBLIOGRAFIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 155

AANVULLENDE BIBLIOGRAFIE . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 183

## AFKORTINGS WAT HERHAALDELIK IN HIERDIE VERSLAG GEBRUIK IS

| | |
|---|---|
| AMWU | African Mine Workers' Union |
| ANC | African National Congress |
| AP | Arbeidersparty |
| ATASA | African Teachers Association of South Africa |
| AWB | Afrikanerweerstandbeweging |
| AZAPO | Azanian People's Organization |
| AZASM | Azanian Student's Movement |
| AZASO | Azanian Students' Organization |
| BC | Black Consciousness |
| BPA | Black Parent's Association |
| CNETU | Council of Non-European Trade Unions |
| COSAS | Congress of South African Students |
| COSATU | Congress of South African Tade Unions |
| DET | Department of Education and Training |
| DETU | Democratic Teachers Union |
| DOO | Departement Onderwys en Opleiding |
| DP | Demokratiese Party |
| ECC | Education Charter Campaign |
| ERIC | Education resources and information centre |
| HNP | Herstigte Nasionale Party |
| ICU | Industrial and Commercial Worker's Union of South Africa INEG |
| | Instituut vir Eietydse Geskiedenis |
| KPO | Kaaplandse Professionele Onderwysersvereniging |
| MDM | Mass Democratic Movement |
| NDM | National Democratic Movement |
| NECC | National Education Crisis Committee |
| NEPI | National Education Policy Investigation |
| NEUSA | National Education Union of South Africa |
| NF | National Forum |
| NP | Nasionale Party |
| NTUF | National Teacher Unity Forum |
| NUSAS | National Union of South African Students |
| OVS | Onderwysvernuwingstrategie |
| PAC | Pan Africanist Congress |
| PE | People's Education |
| PECC | Port Elizabeth Crisis Committee |
| PFP | Progessief Federale Party |
| PTSA | Parent-Teacher-Student Association |
| RGN | Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing |
| RSA | Republiek van Suid-Afrika |
| SACOS | South African Council on Sport |
| SACP | South African Communist Party |
| SACTU | South African Congress of Trade Unions |
| SADTU | South African Democratic Teachers' Union |

| | |
|---|---|
| SAKP | Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party |
| SANSCO | South African National Students' Congress |
| SAP | Suid-Afrikaanse Polisie |
| SASO | South African Student's Organization |
| SAW | Suid-Afrikaanse Weermag |
| SAYO | South African Youth Congress |
| SPCC | Soweto Parents' Crisis Committee |
| SRC | Student's Representative Council |
| TASA | Natal Teacher's Society |
| TO | Transvaalse Onderwysersvereniging |
| TTA | Transvaal Teacher's Association |
| TUCSA | Trade Union Council of South Africa |
| UDF | United Democratic Front |
| UTASA | Union of Teacher's Associations of South Africa |
| WECTU | Western Cape Teachers' Union |